



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE V2

2019

PUNTE: 150

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit:

AFDELING A (25)
AFDELING B (75)
AFDELING C (50)
2. Beantwoord AL die vrae.
3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
5. MOENIE in die regterkantlyn van die ANTWOORDEBOEK skryf NIE.
6. Laat 'n reël oop na ELKE subvraag.
7. Daar word gewoonlik een punt per feit toegeken. 'n 2 punt-vraag sal dus TWEE feite vereis, ens.
8. Alle antwoorde MOET met Rekenaartoeëpassingstegnologie verband hou.
9. Antwoorde soos 'goedkoper', 'vinniger/stadiger' en 'makliker' sal SLEGS aanvaar word indien dit saam met 'n rede of 'n verduideliking gebruik is.
10. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A**VRAAG 1: MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE**

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1 tot 1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.11 D.

- 1.1 Watter EEN van die volgende is 'n voorbeeld van 'n datalimiet ('data cap')?
A 10 GB
B 100 Mbps
C 512 kB
D 2 GHz (1)
- 1.2 Watter EEN van die volgende is NIE 'n eienskap ('feature') van 'n databasisprogram NIE?
A Filter
B Sorteër ('Sort')
C Sitaat ('Citation')
D Groepering ('Grouping') (1)
- 1.3 Watter EEN van die volgende lêertipes kan NIE deur 'n sigbladprogram opgemaak word NIE?
A .xls
B .zip
C .csv
D .txt (1)
- 1.4 'n Hoër resolusiebeeld beteken dat die beeld ...
A uit meer beeldelemente ('pixels') bestaan.
B minder stoorspasie benodig.
C minder beeldelement-inligting ('pixel information') bevat.
D uit groter beeldelemente ('pixels') bestaan. (1)
- 1.5 Die gebruik van virtuele-realiteit(VR)-tegnologie kan die gebruiker bevoordeel omdat dit ...
A gespesialiseerde en duur toerusting benodig.
B dalk die gebruiker teen kubermisdaad kan beskerm.
C meer inligting gee oor 'n plek wat besoek word.
D vir veiliger opleiding in gevaarlike situasies gebruik kan word. (1)

- 1.6 Die hoofdoel van OKH ('OCR') is om 'n dokument te skep wat ... kan word.
 A in PDF-formaat gestoor
 B geredigeer en geformateer
 C as 'n prent gestoor
 D via e-pos of IM gestuur (1)
- 1.7 Die sigbladfunksie NOW sal altyd die ..., vertoon.
 A datum waarop die sigblad oopgemaak word
 B Excel-kode vir *hh mm ss* as tyd geformateer
 C huidige datum-tyd as datum en tyd geformateer
 D datum en tyd waarop die funksie ingevoer is (1)
- 1.8 Fopnuus ('Fake news') is wanneer ...
 A jy, sonder dat jy daarvan weet, na 'n vals webtuiste gestuur word.
 B vals en dikwels sensasionele inligting op sosiale media versprei word.
 C die bron van 'n boodskap vervals word om dit aanvaarbaar te laat voorkom.
 D iemand probeer om jou persoonlike en finansiële inligting te bekom. (1)
- 1.9 Foutiewe sagteware bevat programfoute ('bugs') wat ...
 A programme beskadig deur die manier waarop 'n rekenaar werk, te beïnvloed.
 B hulpbronne gebruik deur die kode herhaaldelik oor die programme te kopieer.
 C binne 'n wettige program wegkruip en skadelike instruksies bevat.
 D foute in die kode is wat probleme veroorsaak en dit onwerkbaar maak. (1)
- 1.10 'n Databasisnavraag om die besonderhede van onderwysers en leerders wat meer as R10.00 skuld, te onttrek, word hieronder vertoon.

Field:	Name	Category	TimeSpent	Charges	AmountOwed
Table:	ComputerUse	ComputerUse	ComputerUse	ComputerUse	ComputerUse
Sort:					
Show:	<input checked="" type="checkbox"/>	<input checked="" type="checkbox"/>	<input checked="" type="checkbox"/>	<input checked="" type="checkbox"/>	<input checked="" type="checkbox"/>
Criteria:		"Teacher" And "Learner"			>10

Die navraag sal nie die verlangde resultaat terugstuur nie, want die ...

- A kriterium van die *AmountOwed*-veld moet '<10' wees.
 B 'And' in the *Category*-veld moet in bokas wees.
 C 'Or'-operator moet in die *Category*-veld gebruik word.
 D kriterium van die *AmountOwed*-veld moet '>=10' wees. (1)
[10]

VRAAG 2: PASITEMS

Kies 'n term/begrip uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–S) langs die vraagnommers (2.1 tot 2.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 2.11 T.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	Datastelle wat deur rekenaars geanaliseer kan word om neigings en patrone bloot te lê	A	ETG ('RAM')
		B	samepersing ('compression')
2.2	'n Toestel wat die konsep van konvergensie toon	C	geo-etikettering ('geotagging')
		D	LAG ('ROM')
2.3	'n Spesifieke lêereienskap ('file property') wat gebruik kan word om na sekere lêers te soek	E	inligtingsverwerkingsiklus
		F	MP3-speler
2.4	Tipe internetverbinding	G	taakdefinisie
2.5	'n Metode wat gebruik word om lêergroottes te verklein	H	GPS
2.6	Die proses om liggingsinligting by 'n video-lêer te voeg	I	SoIP ('VoIP')
		J	satelliet
2.7	'n Tipe geheue wat nodig is om permanente data en instruksies te stoor	K	groot data ('big data')
		L	datum
2.8	Sagteware wat bykomende funksionaliteit aan 'n webblaaier verskaf	M	phablet
		N	metadata
2.9	Toevoer, afvoer, verwerking, stoor en kommunikasie van data	O	inligtingsoorlading
2.10	Verduidelik hoe die ondersoek in 'n navorsingsprojek uitgevoer sal word	P	WLAN
		Q	ontzip ('unzip')
		R	inpropprogram ('plug-in')
		S	fokusvraag

(10 x 1)

[10]

VRAAG 3: WAAR/ONWAAR-ITEMS

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommers (3.1 tot 3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer. Korrigeer die stelling indien dit ONWAAR is. Verander die onderstreepte woord(e) om die stelling WAAR te maak. (MOENIE slegs die woord 'NIE' gebruik om die stelling te verander NIE. GEEN punt sal toegeken word indien slegs ONWAAR geskryf word NIE.)

VOORBEELDE:

VRAAG	ANTWOORD
<u>Google</u> is die wêreld se gewildste soekenjin.	Waar
'n <u>NKK ('NIC')</u> het gleuwe vir hardeware-komponente soos die SVE.	Onwaar – moederbord

- 3.1 JPG is 'n lêeruitbreiding wat algemeen vir prentlêers gebruik word. (1)
- 3.2 VGA-kabels kan beide oudiodata ('audio data') en videodata oor dieselfde kabel oordra. (1)
- 3.3 'n Videokonferensie is 'n elektroniese vergadering van mense wat mekaar kan sien en met mekaar kan praat alhoewel hulle op verskillende plekke is. (1)
- 3.4 RSS-voere ('RSS feeds') is webtuistes wat boodskappe ('posts') in die vorm van 'n dagboek bevat. (1)
- 3.5 'n Vorm is 'n databasisobjek wat gebruik word om 'n opsomming van data in 'n drukbare formaat aan te bied. (1)

[5]

TOTAAL AFDELING A: 25

AFDELING B**VRAAG 4: STELSELTEGNOLOGIEË**

- 4.1 Noem TWEE tipes gebruikers vir wie die werkverrigting van 'n standaard intreevlakrekenaar vir hulle behoeftes geskik is. (2)
- 4.2 Hoe verskil 'n oopbronbedryfstelsel ('open-source operating system'), soos Linux, van 'n ondernemingsbedryfstelsel ('enterprise operating system'), soos Windows? (2)
- 4.3 Noem TWEE voordele vir 'n student wat webgebaseerde ('web-based') toepassings eerder as geïnstalleerde ('installed') toepassings gebruik. (2)
- 4.4 Gee TWEE praktiese voorbeelde van waar RFID-etikette ('tags') gebruik word. (2)
- 4.5 Gee TWEE redes waarom raakskerms algemeen in draagbare toestelle gebruik word. (2)
- 4.6 Noem TWEE voordele van die gebruik van 'n mikro-USB-poort eerder as die standaard USB-poort op 'n slimfoon ('smartphone'). (2)
- 4.7 Eksterne hardeskywe en herskryfbare ('rewritable') DVD's word dikwels vir rugsteundoelindes gebruik.
- 4.7.1 Gee TWEE redes waarom dit beter kan wees om 'n eksterne hardeskyf eerder as 'n DVD te gebruik om data te rugsteun. (Moet NIE in jou antwoord na koste verwys NIE.) (2)
- 4.7.2 Stel TWEE maniere voor waarop meer spasie op 'n eksterne hardeskyf, wat amper vol is, geskep kan word. (2)
- 4.7.3 Gee TWEE redes waarom lêers op 'n eksterne hardeskyf korrup kan word terwyl rugsteunkopieë gemaak word. (2)
- 4.8 Jy sien dat daar geen beeld op die skerm vertoon wanneer jy jou rekenaar aanskakel nie.
- Bespreek TWEE redes, behalwe vir 'n foutiewe skerm, waarom daar geen beeld is nie. (2)
- 4.9 Die jongste weergawe van 'n program is van die internet afgelaai, maar wanneer die gebruiker die installeerder ('installer') laat loop, installeer die program nie.
- Gee TWEE redes waarom die program nie installeer nie. (2)
- 4.10 Buiten die kostefaktor, noem EEN beperking van die gebruik van 'n 3D-drukker. (1)
- 4.11 'n Korrek geformateerde woordverwerkingsdokument is gedruk, maar sommige van die teks op die rand van die bladsy is 'afgesny'.
- Bespreek TWEE moontlike redes hiervoor. (2)

[25]

VRAAG 5: INTERNET- EN NETWERKTEGNOLOGIEË

- 5.1 Baie skole of besighede koppel rekenaars in 'n LAN.
- 5.1.1 Noem die toestel wat verskeie rekenaars in 'n LAN koppel. (1)
- 5.1.2 Noem die komponent in elke rekenaar wat dit moontlik maak om aan 'n netwerk te koppel. (1)
- 5.1.3 Noem TWEE beperkings van 'n gekabelde ('wired') LAN in vergelyking met 'n kabellose ('wireless') LAN. (2)
- 5.2 Ruitnetrekenarisering ('grid computing') verskaf buigsame aanlyn verwerkingsvermoë ('computing power') aan instellings.
- 5.2.1 Definieer *ruitnetrekenarisering* ('*grid computing*'). (2)
- 5.2.2 Gee EEN voorbeeld van 'n situasie in die werklike lewe waar ruitnetrekenarisering gebruik kan word. (1)
- 5.3 Bespreek TWEE maniere om ongewenste inhoud outomaties in die webblaaier te blok. (2)
- 5.4 Hoe word kliënte bevoordeel wanneer hulle internetkonneksie deur 'n IDV ('ISP') gevorm ('shaped') word? (Moet NIE in jou antwoord na koste verwys NIE.) (2)
- 5.5 Lewendige videostroming ('live video streaming') en om video's oor die internet te deel, het baie gewild geraak.
- 5.5.1 Verduidelik die konsep van *stroming* ('*streaming*'). (2)
- 5.5.2 Bespreek TWEE maniere waarop 'n gebruiker onderbrekings ('buffering') kan voorkom/verminder terwyl 'n video stroom. (2)
- [15]**

VRAAG 6: INLIGTINGSBESTUUR

6.1 Noem TWEE maniere waarop inligting gevind kan word as jy nie toegang tot die internet het nie. (2)

6.2 Gee TWEE redes waarom 'n aftrekvormveld ('drop-down form field') in plaas van 'n teksvormveld ('text form field') op 'n elektroniese vorm gebruik word. (2)

6.3 'n Student het inligting van die volgende webblad afgelaai:

https://en.wikipedia.org/wiki/Information_management

Verduidelik waarom die inligting moontlik nie betroubaar is nie. (2)

6.4 Bestudeer die sigblad hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

	A	B	C	D	E	F	G
1	ID	Item/Venue	Field1	Date	ID	Item	Date
2	671	Keyboard, Room 60	Lower Campus	20180222	261	Graphics Card	2018/01/17
3		Room 187, Mouse	Upper Campus	4/23/2018	139	Touchpad	7/11/2018
4	873	Monitor, Room 60	Lower Campus	6/1/2018	810	Printer	31102018
5	254	Graphics Card		3/11/2018	466	Keypad	4/10/2018
6	187	USB-cable, Room 187	Upper Campus	2/15/2018	689	HDMI-port	9/21/2018
7	981	PSU, Room 35	Lower Campus	5/5/2018	834	Mouse	6/5/2018

6.4.1 Identifiseer DRIE probleme in hierdie sigblad wat die gehalte van data sal beïnvloed wanneer dit in 'n databasis ingevoer word. (3)

6.4.2 Buiten die probleme wat in VRAAG 6.4.1 geïdentifiseer is, waarom sal dit NIE moontlik wees om 'n betekenisvolle grafiek met die data hierbo te skep nie? (1)
[10]

VRAAG 7: SOSIALE IMPLIKASIES

- 7.1 Werkgewers behoort 'n beleid te implementeer om slegs ergonomies-ontwerpte rekenaars te koop om HSB ('RSI')/KTS ('CTS') onder hulle werkers te voorkom.
- 7.1.1 Beskryf EEN ergonomies-ontwerpte toestel wat KTS (karpale tonnelsindroom) sal voorkom. (1)
- 7.1.2 Bespreek TWEE redes waarom die implementering van so 'n beleid 'n goeie handelswyse vir 'n werkgever sal wees. (2)
- 7.2 Noem TWEE sekerheidsmaatreëls ('security measures') om rekenaardiefstal by 'n skool te voorkom, buiten om diefstaling en veiligheidshekke by die rekenaarsentrum aan te bring. (2)
- 7.3 Die publiek het toegang tot sagteware wat volgens verskillende bepalinge en voorwaardes gepubliseer word.
- 7.3.1 Watter wette beskerm die regte van mense wat oorspronklike inhoud skep? (1)
- 7.3.2 Wat is 'n ELO ('EULA')? (MOENIE slegs die akroniem uitskryf NIE.) (1)
- 7.3.3 Gee TWEE redes waarom mense NIE roofsagteware ('pirated software') moet gebruik NIE. (2)
- 7.4 Waarom is dit potensieel 'n waagstuk om Bitcoin te gebruik om items te koop en verkoop? (1)

[10]

VRAAG 8: OPLOSSINGONTWIKKELING

- 8.1 Watter eienskap van 'n woordverwerker kan gebruik word om spesifieke plekke in 'n dokument te merk sodat 'n gebruiker vinnig na hierdie plekke kan gaan? (1)
- 8.2 Hoe kan 'n woordverwerkingsdokument gestoor word sodat die teks op 'n ander rekenaar, waarop daar nie 'n woordverwerker geïnstalleer is nie, geredigeer kan word? (1)
- 8.3 Waarom word seksiebreuke ('section breaks') in 'n woordverwerkingsdokument gevoeg? (1)
- 8.4 'n Databasis bevat die vanne en name van leerders.

Die volgende kriterium verskyn in die *Surname*-veld as 'n databasisnavraag:

"Like Smi*"

- 8.4.1 Gee die term wat gebruik word om die sterretjie (*) te beskryf wanneer dit in die kriterium gebruik word. (1)
- 8.4.2 Gee die doel van die gebruik van die sterretjie in die navraag. (2)
- 8.5 Die besonderhede van kliëntbestellings verskyn in die *Orders*-werkblad, en die voorraadkodes en beskrywings verskyn in 'n tabel in die *Codes*-werkblad, in dieselfde sigblad, soos hieronder getoon.

ORDERS FOR JUNE 2019			
CLIENT	QUANTITY	CODE	DESCRIPTION
Basson, T	2	121	
Mashaba, B	5	123	
Mushwana, M	4	123	
Naicker, C	6	129	
Smith, G	8	131	
April, A	3	121	
...

1: Besonderhede van kliëntbestellings

STOCK	
CODE	DESCRIPTION
129	Mouse
127	Notebook
123	Printer
125	Scanner
131	Tablet

2: Voorraadkodes en -beskrywings

- 8.5.1 Watter sigbladfunksie sal jy in die *Orders*-werkblad gebruik om 'n produkbeskrywing ('product description') vir elke kode te vertoon? (1)
- 8.5.2 Hoe kan jy seker maak dat die funksie korrek sal werk indien jy dit vir al die kliënte in die *Orders*-sigblad afkopieer? (1)
- 8.5.3 Watter verandering moet aan die *Stock*-tabel in die *Codes*-werkblad gemaak word om te verseker dat die funksie nie 'n foutboodskap sal terugstuur nie? (1)
- 8.6 Die funksie =MAX(D2:D5) is in 'n sel ingelees.
Waarom sal die teks '=MAX(D2:D5)' in die sel verskyn in plaas van die verlangde resultaat van die funksie, bv. 25? (1)

8.7 Bestudeer die skermkopie hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

	A	B	C
1	Name	Grade	Percentage
2	Mark	3	80
3	Zweli	4	75
4	John	5	82
5	Thulani	3	85
6	Julian	3	72
7			
8		=COUNTIFS(B2:B6;"=2";C2:C6;">70")	

Die funksie in sel B8 moet die getal graad 3-leerders wat 80% of meer behaal het, vertoon.

Gee TWEE redes waarom die funksie in sel B8 nie die korrekte resultaat sal vertoon nie.

(2)

8.8 'n Webblad is ontwerp met gebruik van die volgende kode:

```
<html>
  <head>
    <title>Fund-raising</title>
  </head>
  <body>
    <h1>< font style="Arial">Crowd Funding</font>
    <p> How to start a campaign</p>
  </body>
</html>
```

Daar is foute in die kode en die webblad vertoon in werklikheid soos volg:



Die ontwerper wou hê dat die kode soos volg moet vertoon:



8.8.1 Stel 'n verandering aan die kode voor sodat al die teks in die liggaamseksie ('body section') in Arial-font sal vertoon.

(1)

8.8.2 Stel 'n verandering aan die kode voor sodat die teks 'How to start a campaign' NIE as 'n opskrif ('heading') geformateer, sal vertoon nie.

(1)

8.8.3 Waar sal die teks 'Fund-raising' verskyn wanneer die bladsy in 'n deurblaaier vertoon word?

(1)

[15]

TOTAAL AFDELING B: 75

AFDELING C: GEÏNTEGREERDE SCENARIO**VRAAG 9**

Jou skool wil graag 'n akademiese ondersteuningsprogram, wat IKT's gebruik, vir leerders begin. Die skool het jou hulp nodig om besluite oor die toerusting en sagteware vir die leersentrum te neem.

- 9.1 Rekenaars word vir die leersentrum benodig.
- 9.1.1 Gee 'n rede waarom hardeskywe 'n beter keuse vir hierdie rekenaars as vastetoestandsskywe ('solid-state drives') sal wees. (1)
- 9.1.2 Al die rekenaars in die leersentrum het 4 GG ('GB') ETG ('RAM').
Stel TWEE redes voor waarom meer ETG ('RAM') geïnstalleer moet word. (2)
- 9.1.3 Gee TWEE redes waarom gebruikersprofiel ('user profiles') nodig sal wees. (2)
- 9.2 Die sentrum-administrateur gebruik kantoorpakket ('office suite')-sagteware om leerderbywoning en leerderprestasie te bestuur.
- 9.2.1 Noem TWEE voordele om 'n databasisvorm ('database form') te gebruik om leerders toe te laat om hulle persoonlike besonderhede in die databasis in te voer, eerder as om die data direk in die databasistabel in te voer. (2)
- 9.2.2 Noem die woordverwerkingseienskap wat gebruik kan word om individuele kennisgewings aan ouers te genereer deur data in 'n sigblad te gebruik. (1)
- 9.3 Leerders sal selfstudie tuis doen deur 'n onderrigtoep ('tutoring app') op hulle slimfone ('smartphones') te gebruik.
- 9.3.1 Noem TWEE internetdienste wat onderwysers kan gebruik om opvoedkundige inhoud met hulle leerders te deel. (2)
- 9.3.2 Stel TWEE maniere waarop 'n leerder kan seker maak dat die battery van sy/haar slimfoon voor nie vinnig sal dreineer nie. (2)
- 9.3.3 Noem TWEE maniere om 'n onderrigtoep te evalueer om te sien of dit aan jou behoeftes sal voldoen voordat dit afgelaai word. (Moet NIE in jou antwoord na koste verwys NIE.) (2)
- 9.3.4 Waarom kan studiegroepdeelnemers dikwels dieselfde onderrigtoep gebruik, al het hulle dalk nie dieselfde bedryfstelsel ('operating system') op hulle toestelle nie? (1)

- 9.4 'n Aanlyn studiegroep is met gebruik van sosiale media geskep om vakverwante inhoud oor te dra.
Gee TWEE redes waarom leerders nie ontoepaslike inhoud op hierdie studiegroep moet deel nie. (2)
- 9.5 Noem TWEE maniere waarop die skool kan seker maak dat die rekenaartoestelle in die leersentrum minder elektrisiteit gebruik. (2)
- 9.6 Een van die beheerliggaamlede stel voor dat hulle 'n OKT ('UPS') koop.
- 9.6.1 Wat is die funksie van 'n OKT? (1)
- 9.6.2 Waarom sal 'n OKT nie help om krag te bespaar nie? (1)
- 9.7 Die sentrumadministrateur is verantwoordelik vir die instandhouding van die sagteware in die leersentrum.
- 9.7.1 Wat is die doel van 'n regstelling ('patch')? (1)
- 9.7.2 Watter stelselsagteware-nutsprogram ('utility program') kan die administrateur help om die algehele werkverrigting van elke rekenaar op die stelsel te verbeter? (1)
- 9.8 Deelware('shareware')-programme word by die leersentrum gebruik.
Noem TWEE maniere waarop deelware-programme aan die einde van die toetsperiode ('trial period') sal reageer. (2)
- [25]**

VRAAG 10: GEÏNTEGREERDE SCENARIO

'n Skoolklub met die naam TTDM (Tieners Teen Dwelmmisbruik) wil IKT's in hulle bewusmakingsveldtog oor die gevolge van dwelmmisbruik gebruik.

- 10.1 Slimfone ('smartphones') sal vir klublede aangekoop word.
- 10.1.1 Buiten 'n mikro-USB of USB-poort, watter hardewarekomponent op die slimfoon sal toelaat dat meer stoorplek bygevoeg kan word? (1)
 - 10.1.2 Waarom het baie slimfone 'n vorentoe-gerigte ('front-facing') kamera sowel as 'n kamera agter op die foon? (1)
 - 10.1.3 Verduidelik TWEE vereistes vir die gebruik van NVK ('NFC') om foto's te deel. (2)
 - 10.1.4 Bluetooth en Wi-Fi is tegnologieë wat dikwels op slimfone aangetref word.
Verduidelik wat hierdie twee tegnologieë in gemeen het. (1)
- 10.2 Die klub het 'n webtuiste geskep en gepubliseer wat inligting oor dwelmmisbruik bevat.
- 10.2.1 Gee TWEE redes waarom die klub 'n webtuiste gepubliseer het. (2)
 - 10.2.2 Noem TWEE maniere om te verseker dat die webtuiste nie sensitiewe kykers sal aanstoot gee nie. (2)
 - 10.2.3 Noem TWEE maniere om die webtuiste gebruikersvriendelik te maak. (2)
 - 10.2.4 Hoe sal kykers weet dat die webtuiste 'n veilige ruimte ('secure site') is? (1)
 - 10.2.5 Gee TWEE redes waarom sommige webtuiste-elemente moontlik nie vertoon wanneer die HTML-kode in die deurblaaier uitgevoer word nie. (2)
- 10.3 Die klub wil hê dat lede hulle e-posadres gebruik om op die webtuiste te registreer.
- 10.3.1 Noem TWEE maatreëls wat die klub kan implementeer om hulle lede se data veilig te hou. (2)
 - 10.3.2 Lede kla dat hulle ongewenste e-pos ontvang nadat hulle op die webtuiste geregistreer het.
Gee die term vir hierdie e-posse EN stel 'n oplossing vir hierdie probleem voor. (2)
- 10.4 Stel TWEE redes voor waarom dit nie 'n goeie idee sal wees om 'n Bluetooth-netwerk op te stel om die internetkonnektiwiteit oor die skool te versprei nie. (2)

- 10.5 Die sekretaris van die klub het 'n databasisverslag geskep wat volgens die tipe verslawing gegroepeer is. Hy het die verkeerde funksie **=sum([Name])** gebruik om die getal leerders wat deur elke tipe probleem beïnvloed word, te vertoon.
- 10.5.1 Watter databasisfunksie moet die sekretaris gebruik om die getal leerders wat beïnvloed word, te bereken? (1)
- 10.5.2 In watter deel van die verslag moet die sekretaris 'n funksie plaas om die getal leerders wat deur elke probleem geaffekteer word, te bereken? (1)
- 10.6 Die skoolklub het die behoefte om 'n dwelmrehabilitasiesentrum in die gemeenskap op te rig, geïdentifiseer. Hulle het besluit om die moontlikheid te ondersoek om skarebefondsing ('crowd funding') te gebruik om geld in te samel om hierdie sentrum te begin.
- 10.6.1 Verduidelik kortliks die konsep van *skarebefondsing*. (2)
- 10.6.2 Gee EEN rede waarom skarebefondsing NIE 'n goeie idee is om die nodige fondse vir hierdie projek in te samel nie. (1)
- [25]**
- TOTAAL AFDELING C: 50**
GROOTTOTAAL: 150



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE V2

2019

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 150

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 19 bladsye.

VOORSTELLE EN AANBEVELINGS VIR NASIENERS

- Verwys dikwels terug na die vrae en hierdie memorandum gedurende die nasiensessie.
- Dit is raadsaam om die vrae gereeld te lees (en te herlees) tesame met die kandidaat se antwoord om na te gaan dat dit ooreenstem, sodat u nie deur die kandidaat se stellings/antwoorde mislei word nie.
- Wees versigtig om nie op sleutelwoorde of algemene stellings te fokus nie, maar lees eerder die hele antwoord. As jy twyfel, lees die hele antwoord, dan die vraag in die vraestel en die antwoord in die nasienriglyn. Vra jousef of jou senior nasiener of die antwoord in die nasienriglyne kan 'pas' voordat die korrekte punte aan die kandidaat toegeken word. Byvoorbeeld, die nasienriglyne stel 'goedkoop' aan en die kandidaat se respons is 'minder duur'.
- Wees versigtig vir oorvleuelende antwoorde op 'n spesifieke vraag. In die algemeen word een punt per feit toegeken.

AFDELING A**VRAAG 1: MEERVOUDIGE KEUSE**

1.1	A	✓	1
1.2	C	✓	1
1.3	B	✓	1
1.4	A	✓	1
1.5	D	✓	1
1.6	B	✓	1
1.7	C	✓	1
1.8	B	✓	1
1.9	D	✓	1
1.10	C	✓	1
Totaal: [10]			

VRAAG 2: PASITEMS

2.1	K	✓	1
2.2	M	✓	1
2.3	L	✓	1
2.4	J	✓	1
2.5	B	✓	1
2.6	C	✓	1
2.7	D	✓	1
2.8	R	✓	1
2.9	E	✓	1
2.10	G	✓	1
Totaal: [10]			

VRAAG 3: WAAR/ONWAAR-ITEMS

(Nota aan nasiener: In Vraag 3.2, 3.4 en 3.5, aanvaar die korrekte term selfs as onwaar nie neerskryf is nie. Moet NIE 'n punt toeken as slegs 'ONWAAR' neergeskryf is NIE.)

3.1	WAAR	1
3.2	ONWAAR, HDMI	1
3.3	TRUE	1
3.4	ONWAAR, Blogs	1
3.5	ONWAAR, Verslag	1
		[5]

TOTAAL AFDELING A: [25]

AFDELING B

VRAAG 4: STELSELTEGNOLOGIEË

4.1	<p>TWEE tipes van rekenaargebruikers</p> <ul style="list-style-type: none"> • Persoonlike gebruiker • KKTK ('SOHO') gebruiker • Onderneming gebruiker <p style="text-align: right;">✓✓(Enige twee)</p> <p><i>(Nota aan nasiener: Aanvaar enige geldige voorbeeld van elke tipe gebruiker.)</i></p>		2
4.2	<p>Oopbronbedryfstelsel vs ondernemingsbedryfstelsel</p> <ul style="list-style-type: none"> • GOBS ('FOSS') bronkode is beskikbaar • GOBS is in die algemeen gratis • Bedryfstelsels het 'n verskillende benadering tot die UI <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p>		2
4.3	<p>TWEE voordele van webtoepassings oor geïnstalleerde toepassings</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die nuutste weergawe van die sagteware (webtoepassing) word gebruik • Webtoepassing loop ongeag van die bedryfstelsel of toestel gegewe dat die deurblaaier aanpasbaar is • Spaar hardeskyf-/stoorspasie • Hoef nie 'n lisensie vir die toepassing te koop nie maar 'n subskripsie word steeds benodig • Beskikbaar om meervoudige toestelle solank as konektiwiteit beskikbaar is • Mag moontlik bydra om programroof te verminder omdat sagteware toepassings geredelik beskikbaar is <p style="text-align: right;">✓✓(Enige twee)</p>		2
4.4	<p>TWEE praktiese voorbeelde van die gebruik van RFID-etiket</p> <ul style="list-style-type: none"> • Spring/Identifisering, d.i. tydhou/spring van marathonsporters, diere, lugredery bagasie, ligging van soldate, biblioteekboeke, ens. • E-tol: nasporing van voertuie wat deur tolhekke beweeg vir betalingsdoeleindes • Voorraad/voorraadkontrole • Sekuriteittoegangsbeheer • Voorkom misdaad/verlê van goedere • Meet van druk en temperatuur van die bande van 'n voertuig, ens. <p style="text-align: right;">✓✓(Enige twee)</p>		2

4.5	<p>TWEE redes vir aanraakskerms op draagbare toestelle</p> <ul style="list-style-type: none"> • Meer intuïtief om te gebruik • Navigering is makliker vir die meeste gebruikers • Meervoudige aanrakingsfunksionaliteit vermeerder die verskeidenheid van handeling • Toestelle kan moontlike kleiner gemaak word/sleutelbord is nie nodig nie <p style="text-align: right;">✓✓(Enige twee)</p>			2	
4.6	<p>TWEE voordele van 'n mikro-USB-poort bo 'n standaard-USB-poort</p> <ul style="list-style-type: none"> • Is standaard op die meeste draagbare toestelle, kan laaiers/koppelings deel • Het volle funksionaliteit van 'n standaard USB-poort/Flash stoor kan aan draagbare toestelle gekoppel word • Neem minder plek op • Een poort kan twee doele dien: kan gebruik word om 'n toestel aan 'n kragpunt te verbind sowel as aan 'n rekenaar <p style="text-align: right;">✓✓(Enige twee)</p>			2	
4.7.1	<p>TWEE redes vir hardeskywe vergelyk met DVD vir rugsteun (koste uitgesluit)</p> <ul style="list-style-type: none"> • HDD het meer kapasiteit • HDD het 'n langer leeftyd • DVD's kan makliker beskadig word <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p>			2	
4.7.2	<p>TWEE maniere om spasie op 'n hardeskyf vry te stel</p> <ul style="list-style-type: none"> • Vee ongewenste lêers/data uit • Loop die <i>Disk Cleanup</i> nutsprogram • Pers data saam • Verminder die resolusie van prent-/multimedialêers <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p>			2	
4.7.3	<p>TWEE redes vir hardeskyf om korrup te word tydens rugsteun</p> <ul style="list-style-type: none"> • Virusinfeksie oorgedra tydens rugsteunproses • Kragonderbreking tydens dataoordrag • Foutiewe USB-poort/Foutiewe kabel/Korrupte aandrywer • Vibrasie/ruk tydens rugsteun proses, as toestel tydens die proses verskuif is <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p>			2	6

4.8	<p>TWEE maniere om geen beeld op skerm fout op te spoor</p> <ul style="list-style-type: none"> • Foutiewe krag-/seinkabel/poort • Kabel is nie gekonnekteer nie/Skerm is nie aangeskakel nie • Foutiewe grafikakaart/moederbord • Drywerprobleme <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p>		2
4.9	<p>TWEE redes waarom sagteware nie installeer nie</p> <ul style="list-style-type: none"> • Nie aanpasbaar by die bedryfstelsel nie • Korrupte installeringslêer • Onvoldoende stoorplek vir die installering • Moet ou weergawe eers deïnstalleer • Gebruikersrekening laat nie sagteware installering toe nie/ Administrasie regte word benodig <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p>		2
4.10	<p>EEN beperking van 'n 3D-drukker</p> <ul style="list-style-type: none"> • Dit neem langer om te druk/afvoer te skep • Dit kan 'n lang tyd neem om modelle vir 3D drukkers te skep • Dit is nie ontwerp om teks op papier te druk nie <p style="text-align: right;">✓ (Enige een)</p>		1
4.11	<p>TWEE redes waarom teks op die rand van 'n drukstuk afgesny word</p> <ul style="list-style-type: none"> • Drukker eienskappe ('properties') en die bladsyinstelling van die dokument kom nie ooreen nie/Drukkerkantlyninstellings oorheers die dokumentkantlyn instellings • Drukker maak nie voorsiening vir die spesifieke papiergrootte nie • Drukker is nie in staat om naby die rand te druk nie/ Het nie randlose ('borderless') vermoë nie <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p>		2
			[25]

VRAAG 5: INTERNET- EN NETWERKTEGNOLOGIEË

5.1.1	Toestel gebruik om rekenaars in netwerk te koppel • Skakeltoestel ('Switch')/hub✓	1	
5.1.2	Rekenaar komponent om aan 'n netwerk te koppel • NKK ('NIC') ✓	1	
5.1.3	TWEE beperkings van gekabelde LAN oor WLAN • Vatbaar vir seinverswakking/steuring • Fisiese instelling is moeilik/Beskikbare spasie/spesifieke plek mag dit moeilik/ontoepaslik maak om kables te lê • Spesialis kennis benodig om 'n beperkte LAN op te stel • Moeiliker om toestelle uit te haal of by te voeg ✓✓(Enige twee)	2	4
5.2.1	Definisie van ruitnetrekenarisering • Ruitnetrekenarisering kombineer baie bedieners en/of persoonlike rekenaars op 'n netwerk soos die internet, ✓ • om as een groot rekenaar op te tree/om die behoefte vir groot verwerkingskapasiteit aan te spreek ✓	2	
5.2.2	Lewenswerklike toepassings van ruitnetrekenarisering • Navorsing • Weervoorspelling • Aardbewing simulaties, ens. ✓(Enige een)	1	3
5.3	TWEE maatreëls om ongewenste inhoud van webblaaier te blokkeer • Aktiveer 'n 'pop-up'-blokkeerder • Gebruik die 'block website'-eienskap van die webblaaier • Installeer 'n inpropprogram wat bekende ongewenste webruimtes blokkeer • Gebruik 'n anti-virusprogram wat webinhoud nagaan ✓✓(Enige twee)		2

5.4	<p>Voordeel van vorming ('shaping') vir kliënte</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n Gebruiker op 'n video-oproep sal nie stadiger word/laat val word gedurende 'n besige tyd van die dag ✓ terwyl iemand anders besig is om onbelangrike torrent af te laai nie ✓ <p>OF</p> <ul style="list-style-type: none"> • Kritieke internetdienste • het altyd prioriteit <p>OF</p> <ul style="list-style-type: none"> • Geen bottelnekke • gedurende spitsye nie <p><i>(Nota aan nasiener: Aanvaar enige geldige voorbeeld en verduideliking.)</i></p>		2
5.5.1	<p>Konsep van stroming</p> <ul style="list-style-type: none"> • Terugspeel in 'n medialêer ✓ • terwyl dit aflaai ✓ 	2	
5.5.2	<p>TWEE maniere om buffering van videostroom te verminder/voorkom</p> <ul style="list-style-type: none"> • Verminder video resoluëie • Verseker dat geen ander toeps die bandwydte gebruik nie • Verseker dat jy redelike lynspoed vir sulke gebruik het <p style="text-align: right;">✓✓(Enige twee)</p>	2	4
			[15]

VRAAG 6: INLIGTINGSBESTUUR

6.1	<p>TWEE nie-internet bronne van inligting</p> <ul style="list-style-type: none"> • Boeke/Koerante/Gedrukte media/Artikels/Biblioteek • Onderhoude (mense) • Meningsopname/Vraelys • Videoknipsels/Oudio-knipsels/Podgooi op 'n DVD • Radio <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p>		2
6.2	<p>TWEE redes vir die gebruik van 'n aftrekvormveld ('drop-down field') en nie 'n teksvormveld ('text form field')</p> <ul style="list-style-type: none"> • Om vir die respondent 'n beperkte keuse van antwoorde aan te bied • Om tik-/toevoerfoute te voorkom • Om in staat te wees om data in te voer/verwerk in 'n databasis/sigblad <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p>		2
6.3	<p>TWEE redes waarom wiki-inhoud nie betroubaar mag wees nie</p> <ul style="list-style-type: none"> • Inhoud is dalk bygedra deur iemand wat nie 'n kundige is nie/is nie noodwendig deur kundiges gemodereer nie • Inligting is dalk bevooroordeel • Inligting is dalk verouderd/Bladsy is dalk oud <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p>		2
6.4.1	<p>DRIE probleme wat kwaliteit van data wat na DB invoer affekteer</p> <ul style="list-style-type: none"> • Inligting is weggelaat • Onkonsekwente data tipes in die kolomme • Duplisering van opskrifte • Betekenislose veldname • Twee stelle data in een veld • Moeilik om 'n primêre sleutel in te stel a.g.v. weggelate data/ duplisering van veldname <p style="text-align: right;">✓✓✓ (Enige drie)</p>	3	
6.4.2	<p>EEN probleem met die data vir betekenisvolle grafiek</p> <ul style="list-style-type: none"> • Daar is geen patrone of neigings in die data nie • Data laat nie vir funksies of formules toe nie • Data kan nie opgesom word nie <p style="text-align: right;">✓ (Enige een)</p>	1	4
			[10]

VRAAG 7: SOSIALE IMPLIKASIES

7.1.1	<p>EEN ergonomies ontwerpte toestel om KTS te voorkom</p> <ul style="list-style-type: none"> • Muismat/sleutelbord met polsondersteuning • Gesplete sleutelbord <p style="text-align: right;">✓(Enige een)</p>	1	
7.1.2	<p>TWEE redes vir werkgewers om ergonomiese beleid in te stel</p> <ul style="list-style-type: none"> • Produksietyd sal nie verlore gaan nie want werknemer neem nie siekverlof nie • Werksmag sal meer <i>produktief</i> wees a.g.v. ergonomies ontwerpte toerusting • Moontlikheid van die maatskappy om meer winsgewend te wees a.g.v. hoër produktiwiteit • Werkgewers sal nie gedagvaar word/hofsake vir besering aan diens hoef te hanteer nie <p style="text-align: right;">✓✓(Enige twee)</p>	2	3
7.2	<p>TWEE maatreëls om PR-diefstal te voorkom (NIE hekke/diefwering nie)</p> <ul style="list-style-type: none"> • Alarmstelsel/Gewapende reaksie • Sluit ('Lock down') stelseenhede • Videokameratoesig • Neem sekuriteitswag in diens • Stoor rekenaars in skool se kluis na skoolure <p style="text-align: right;">✓✓(Enige twee)</p>		2
7.3.1	<p>Wette wat skeppers van oorspronklike inhoud beskerm</p> <ul style="list-style-type: none"> • Kopiereg wette✓/Intellektuele eiendomsregte wette 	1	
7.3.2	<p>ELO (EULA) (Eindgebruiker Lisensie Ooreenkoms)</p> <ul style="list-style-type: none"> • Ooreenkoms wat die hoeveelheid rekenaars waarop die sagteware gelaai mag word stipuleer • Getal kopieë wat van die sagteware vir rugsteun gemaak mag word • Die reg om die sagteware vir iemand anders te gee of te verkoop, maar slegs indien dit eers van die gebruikers se rekenaar verwyder is • Stipuleer die beperking van die gebruik van en die aanpassing van die kode <p style="text-align: right;">✓(Enige een)</p>	1	

7.3.3	<p>TWEE redes vir NIE gebruik van roofsagteware nie</p> <ul style="list-style-type: none"> • Skeppers van sagteware ontvang nie hulle tantieme/betaling nie/Sagteware outeurs verloor inkomste • Dit is onwettig/Jy kan aangekla/beboet word/tronkstraf kry • Viruskwessies/Moontlike 'malware' kan na kubermisdaad lei • Werksverliese <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p>	2	4
7.4	<p>EEN rede vir Bitcoin transaksies om potensieel gewaagd te wees</p> <ul style="list-style-type: none"> • Bitcoin waarde fluktueer onvoorspelbaar • Geen gebruikersbeskerming nie • Die Bitcoin-beursie kan gekraak word, ens. <p style="text-align: right;">✓ (Enige een)</p>		1
			[10]

VRAAG 8: OPLOSSINGSONTWIKKELING

8.1	Woordverwerkingseienskap om spesifieke plekke te merk • Bookmerke✓		1
8.2	Maak dokument oop sonder woordverwerker • Stoor as pdf • Stoor as tekslêer ('text file') ✓ (Enige een)		1
8.3	Rede om seksiebreuke in 'n Word dokument te plaas • Seksiebreuke laat toe dat die dokument verdeel word sodat elke deel sy eie formatering en bladsynommering het ✓		1
8.4.1	Term om 'n sterretjie (*) in 'n databasisnavraag te beskryf • Oorheersstring ('Wildcard') ✓	1	3
8.4.2	Doel van 'n oorheersstring in 'n databasisnavraag • Om 'n soektog te doen ✓ wat op 'n gedeeltelike passing gebaseer is ✓/ Om elke rekord wat met 'Smi...' begin terug te stuur/Wanneer vir rekords gesoek word wanneer slegs 'n gedeelte van die soekteks bekend is	2	
8.5.1	Sigbladfunksie • VLOOKUP✓ /LOOKUP/MATCH/INDEX	1	3
8.5.2	Absolute verwysing om formule af te kopieer • Gebruik absolute selverwysing ✓ /Gebruik die \$-simbool/Druk die F4 sleutel	1	
8.5.3	Verander tabel om 'n 'n VLOOKUP funksie te werk • Tabel moet gesorteer wees ✓ in stygende ('ascending') volgorde volgens CODE-veld	1	
8.6	EEN rede vir funksie/formule om in 'n sigblad sel te vertoon • Die 'SHOW FORMULAS'-opsie is geaktiveer/CTRL + ~(tilde) • Die sel is as teks geformateer/Afkappingsteken (') voor die funksie ingevoeg ✓ (Enige een)		1
8.7	TWEE logiese probleme met die COUNTIFS funksie • Funksie soek vir 'Grade 2' in plaas van vir 'Grade 3' ✓ /Daar is geen Grade 2 in die kolom nie • Tel enige persentasie bo 70% ✓ (>70 en nie >=80)		2

8.8.1	Korreksie aan HTML-kode <ul style="list-style-type: none">Die merker om font toe te maak moet voor die toemaakmerker vir liggaam </body> geskuif word ✓	1	
8.8.2	Korreksie aan HTML-kode <ul style="list-style-type: none">Voer 'n toemaakmerker in om die opskrif toe te maak </h1> ✓ voor die <p>-merker	1	
8.8.3	Deurblaaier vertoon <ul style="list-style-type: none">Deurblaaier ('browser') tag ✓	1	
			[15]

TOTAAL AFDELING B: [75]

AFDELING C

VRAAG 9: GEÏNTEGREERDE SCENARIO

9.1.1	<p>EEN rede waarom HDD in sommige gevalle beter as SSD is</p> <ul style="list-style-type: none"> • HDD het moontlik 'n langer leeftyd (agv lees/skryf-siklus van SSD) • HDD is goedkoper per GG <p style="text-align: right;">✓ (Enige een)</p>	1	
9.1.2	<p>TWEE redes waarom meer ETG ('RAM') vereis word</p> <ul style="list-style-type: none"> • PR's sal beter in staat wees om veeleisende toepassings te hanteer/ Om minimum stelselvereistes vir meer toeps te bevredig • In staat om meer toepassings gelyktydig oop te maak/verbeterde werkverrigting • Kan vir 'n langer periode gebruik word sonder om op te gradeer/ vervang. <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p>	2	
9.1.3	<p>TWEE redes vir gebruikerprofiele</p> <ul style="list-style-type: none"> • Kontroleer toegang tot rekenaars/netwerkhulpbronne • Spoor deurblaai-/toepassingsgeskiedenis na • Monitor gebruik van netwerkhulpbronne • Stoor pasgemaakte gebruikerinstellings <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p>	2	5
9.2.1	<p>TWEE voordele om data in databasis vorms in te voer</p> <ul style="list-style-type: none"> • Alle data op die vorm hou verband met een rekord/'n Persoon kyk na een rekord op 'n keer • Kan pasgemaak word vir 'n gebruiker sodat hy/sy slegs die nodige velde kan sien • Toevoerkontroles kan pasgemaak word/Laat vir die gebruiker-vriendelike uitleg van velde toe • Kan aftreklyste/kombinasiebokse gebruik, ens. <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p>	2	
9.2.2	<p>Eienskap van woordverwerker om individuele kennisgewings te stuur</p> <ul style="list-style-type: none"> • Possaamvoeging ('Mail merge') ✓ 	1	3

9.3.1	<p>TWEE internetdienste</p> <ul style="list-style-type: none"> • Sosialemediadienste (Aanvaar enige EEN voorbeeld: YouTube, WhatsApp, Vlogs, Facebook, etc.) • Toegewyde toeps (Aanvaar enige EEN voorbeeld: Google Classroom, Microsoft Classroom, Blackboard, Moodle, etc.) • Webtuistes • Wolkberging ('Cloud storage') (Aanvaar enige EEN voorbeeld: Google Drive, Dropbox, One Drive, etc.) • Podcasts/Vodcasts • E-pos/poslyste ('mailing lists') • Kletskamers ('Chatrooms') • FTP (File Transfer Protocol) <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p>	2	
9.3.2	<p>TWEE maniere om seker te maak die slimfoonbattery sal nie gou dreineer nie</p> <ul style="list-style-type: none"> • Maak ongebruikte toeps toe • Gebruik slimfoonmonitering om die kragbesparingsopsies te aktiveer • Skakel Wi-Fi/Bluetooth konektiwiteit/Plasing ('Location') (GPS) af wanneer nie gebruik word nie • Vermy onnodige aflaai ('downloads') • Verminder skermhelderheid • Moenie die toestel in direkte sonlig plaas nie • Skakel slimfoon af wanneer dit nie gebruik word nie <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p>	2	
9.3.3	<p>TWEE maniere om vas te stel of studie toep geskik is</p> <ul style="list-style-type: none"> • Gaan die eienskaplys van die toep na • Lees die resensies wat ander gebruikers gepos het/Kyk na die hoeveelheid sterretjies wat die toep het • Kyk of 'n toetsweergawe beskikbaar is • Gaan na of die inhoud vir gebruik in Suid Afrika geskik is • Kontroleer of die toep met jou stelsel/BS aanpasbaar is <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p>	2	
9.3.4	<p>Rede waarom verskillende platforms gebruik kan word</p> <ul style="list-style-type: none"> • Meeste toeps is vir al die mobiele bedryfstelsel beskikbaar ✓/Meeste toeps is aanpasbaar met meervoudige bedryfstelsels/baie toeps is kruisplatform. 	1	7

9.4	<p>TWEE redes vir nie pos van irrelevante inhoud op die groep</p> <ul style="list-style-type: none"> • Mors tyd • Onnodige dataverbruik vir die lede van die groep • Mag sterk reaksies by ander lede uitlok wat na vlamoorlog/kuberboelie kan lei • Ander gebruikers mag belangrike boodskappe of pos mis/kan die groep verlaat <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p>		2
9.5	<p>TWEE maniere om elektrisiteit op rekenaartoevoeging te spaar</p> <ul style="list-style-type: none"> • Skakel rekenaars/toestelle af wanneer dit nie gebruik word nie • Kies kragbesparingsopsies op die toestelle • Koop energiedoeltreffende rekenaars/komponente <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p>		2
9.6.1	<p>Funksie van 'n OKT ('UPS')</p> <ul style="list-style-type: none"> • Om tydelik krag aan 'n rekenaar te voorsien in geval van 'n kragonderbreking ✓ /Beskerm die rekenaar teen kragfluktuering 	1	
9.6.2	<p>Waarom 'n OKT nie help om krag te bespaar nie</p> <ul style="list-style-type: none"> • Krag word gebruik om batterye te laai • OKT het sy eie onderdele wat ekstra krag trek <p style="text-align: right;">✓ (Enige een)</p>	1	2
9.7.1	<p>Doel van 'n regstelling</p> <ul style="list-style-type: none"> • Maak sekere programfoute in sagteware reg ✓ 	1	
9.7.2	<p>Nutsprogram wat die stelsel se werkverrigting verbeter</p> <ul style="list-style-type: none"> • Disk Defragmenter/Defragmentation • Disk Cleanup • System Restore • Resource Monitor • Task Manager <p style="text-align: right;">✓ (Enige een)</p>	1	2
9.8	<p>TWEE maniere hoe deelware ('shareware') reageer aan die einde van toetsperiode</p> <ul style="list-style-type: none"> • Gedeeltelike/Algehele verlies van funksionaliteit van die sagteware ✓ • Toepassing sal jou herhaaldelik aanpor om die lisensie te hernu ✓ 		2
			[25]

VRAAG 10: GEÏNTEGREERDE SCENARIO

10.1.1	<p>EEN hardware komponent wat uitgebreide stoor op 'n slimfoon toelaat (Mikro USB poort/USB poort uitgesluit)</p> <ul style="list-style-type: none"> • Mikro SD/USB-C ondersteuning • Vermoë om koordloos aan 'n netwerk te koppel <p style="text-align: right;">✓ (Enige een)</p>	1	
10.1.2	<p>Doel van 'n vooruitgerigte kamera in 'n slimfoon</p> <ul style="list-style-type: none"> • Video-klets ('chat') • Om selfies te neem <p style="text-align: right;">✓ (Enige een)</p>	1	
10.1.3	<p>TWEE vereistes vir NVK ('NFC') om te werk</p> <ul style="list-style-type: none"> • Toestelle moet langs mekaar wees • Beide toestelle moet NVK ondersteun • NVK moet op beide toestelle geaktiveer wees <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p>	2	
10.1.4	<p>Ooreenkoms tussen Bluetooth en Wi-Fi</p> <ul style="list-style-type: none"> • Draadlose kommunikasie✓/Gebruik radiogolwe 	1	5
10.2.1	<p>TWEE redes om 'n webtuiste te publiseer</p> <ul style="list-style-type: none"> • Verbeter die professionele beeld/geloofbaarheid van die klub • Hou klublede en ander ingelig • Bevorderingshulp ('Promotional tool')/Medium om aktiwiteite voorop te hou • Webtuiste is altyd beskikbaar (24/7) • Kommunikasie en terugvoer/ondersteuning van lede/ander mense • Tref 'n breër gehoor • Om mense oor die gevare van dwelmmisbruik in te lig • Gebruikers kan onlangse inligting ontvang aangesien die webtuiste gereeld opgedateer kan word • Skoolbeleid vereis die publisering van 'n webtuiste <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p>	2	
10.2.2	<p>TWEE maniere om te verseker dat inligting op die webtuiste nie aanstoot gee nie</p> <ul style="list-style-type: none"> • Moenie dwelmverslaafdes identifiseer (deur foto's en name te publiseer) nie • Moenie foto's van mense sonder hulle toestemming gebruik nie • Vermy sleng of aanstootlike taal <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p>	2	

10.2.3	<p>TWEE maniere om die webtuiste gebruikervriendelik te maak</p> <ul style="list-style-type: none"> • Konsekwente uitleg op elke webblad • Gemak van navigering • Leesbaarheid/Topografie – fontstyl moet toepaslik wees • Geskikte kleurskemas • Gebruik van gebruikerswenke 'tool tips' • Toer van die webtuiste vir die eerste besoek • Korrekte gebruik van wit spasie/Vermy 'n oorlaaide webblad • Verseker dat skakels werk <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p>	2	
10.2.4	<p>Kontroleer of die deurblaaiër koppeling veilig is</p> <ul style="list-style-type: none"> • Gaan na of die slot prentjie naby die URL verskyn✓/Gaan na of https voor die URL gelys is/Kontroleer vir groen teks in die UR-staaf/Antivirusprogramme dui aan dat webtuiste onveilig is 	1	
10.2.5	<p>TWEE redes waarom sommige webbladelemente nie vertoon word nie</p> <ul style="list-style-type: none"> • Hulpbronne is nie in die regte lêergids gestoor nie • Verkeerde pad na hulpbronne • Verkeerde spelling van merkers ('tags')/hulpbronnêers • Nuutste weergawe van die HTML dokument is nog nie gestoor nie • HTML-kode het kommentaar merkers rondom sekere elemente • Soms word merkers nie toegemaak nie <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p>	2	9
10.3.1	<p>TWEE mates om gebruikerdata te beveilig</p> <ul style="list-style-type: none"> • Installeer 'n netskans ('firewall') • Hou sagteware opgedateer • Beperk toegang na rekenaars waarop die data gestoor word • Verander wagwoorde gereeld • Installeer en opdateer anti-kwaadwillige sagteware <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p>	2	
10.3.2	<p>Ongewenste e-pos</p> <p>Term</p> <ul style="list-style-type: none"> • Spam ✓/Gemorspos <p>Oplossing</p> <ul style="list-style-type: none"> • Blokkeer e-pos vanaf hierdie domein • Aktiveer die spamfilter • Rapporteer spam aan die e-pos diensverskaffer <p style="text-align: right;">✓ (Enige een)</p>	2	4

10.4	<p>TWEE redes vir die beperkings van Bluetooth</p> <ul style="list-style-type: none"> • Beperkte reikwydte • Beperkte getal toestelle wat aanmekaar gekoppel kan word • Stadige deurvoer ('throughput') <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p>		2
10.5.1	<p>DB funksie om die getal rekords in 'n groep te bereken</p> <ul style="list-style-type: none"> • Count ✓ 	1	
10.5.2	<p>Waar om 'n funksie te plaas om groeptotale in 'n DB verslag te wys</p> <ul style="list-style-type: none"> • Group footer/header ✓ 	1	2
10.6.1	<p>Konsep van skarebefondsing</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n Proses waar 'n enkele idee/besigheidspraktyk/welsynsaksie ✓ • deur meervoudige klein skenkings ✓ van vrywillige bydraers befonds word 	2	
10.6.2	<p>EEN rede om NIE skarebefondsing te gebruik nie</p> <ul style="list-style-type: none"> • Dit het 'n beperkte leeftyd en hierdie projek is aangaande • Lede van die skoolklub is dalk te jonk/Skarebefondsingswebtuistes vereis dat 'n persoon bo die wetlike ouderdomperk is • Die skoolklub het dalk nie die vermoë om die fonds te administreer nie, ens. <p style="text-align: right;">✓ (Enige een)</p>	1	3
			[25]

TOTAAL AFDELING C: [50]

GROOTTOTAAL: [150]